## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Maryke | Snyman | 03/24 |
| Danie | Swart | 03/24 |
| James | van Zyl | 03/24 |
| Janna | Scheepers | 03/25 |
| Brian | Schnugh | 03/26 |
| Francois | Gericke | 03/27 |
| John-William | Shepherd | 03/27 |
| Janette | vd Berg | 03/27 |
| Alyda | Mathee | 03/28 |
| Wilco | vd Bergh | 03/28 |



NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

22 Maart 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Geopende Deure

**Dinsdag**
10h00 Depressie– en Angsgroep

**Woensdag**
17h30 Gebedsgeleentheid

**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie
Skole Sluit

**Saterdag**
Herfbasaar

**Sondag 29 Maart**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Spesiale kollekte:
Gemeente Noodfonds

## NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Du Toit en Erika Stegmann van NGK Worcester-Vallei.

## SPESIALE KOLLEKTE: GEOPENDE DEURE

Meer as 388 miljoen Christene word vervolg of ondervind diskriminasie. Hulle volg Jesus, ongeag die gevolge. Deur bewusmaking, gebed en ondersteuning, word sodanige Christene bemoedig en kry hulle weer HOOP.

Die volgende berig het in Geopende Deure van 2 Maart 2026 verskyn, soos gedeel deur 'n kenner van Iran:

Die dood van die Ayatollah Ali Khamenei dui 'n moontlike wending in Iran se geskiedenis aan. As Iranese Christen kan dié kenner nie ignoreer dat die kerk in Iran vir dekades onder intense druk geleef het onder leierskap van die Ayatollah nie. Die kerk is ingeperk, mense is gearresteer en het in onsekerheid verkeer. Baie getroue gelowiges moes swaarkry net omdat hulle Christus volg.

Desnieteenstaande het die kerk veerkragtig, biddend en diep gewortel in hoop gebly. Hierdie moment is nie een van wraak of triomf nie, maar ook die moontlikheid van 'n ander tipe toekoms.

Een waar vryheid van gewete, waardigheid en geregtigheid uitgebrei kan word na alle Iranese, ongeag hulle geloof of agtergrond.

Sy gebed is dat hierdie gebeure die weg na VREDE, VERSOENING en ware VRYHEID vir hulle nasie sal inhou.

Vandag se DEURKOLLEKTE is vir GEOPENDE DEURE.

**Teksvers:** Hosea 12: 7 " Wat jy moet doen, is om na jou God toe terug te keer: Jy moet Hom liefhê en sy bevele gehoorsaam, jy moet jou hoop altyd op jou God vestig."

## Ons bid vir...

1. Mense wat gebuk gaan onder ANGS & DEPRESSIE.
2. Lekker samewerking en die gebruik maak van 'n geleentheid om mekaar beter te leer ken wanneer ons vir die BASAAR werk.
3. Goeie ONDERSTEUNING van ons basaar.
4. 'n Heerlike VAKANSIE vir almal.
5. VREDE, beskerming & wysheid vir Christene wat ly vir hulle geloof.
6. TROOS vir families wat geliefdes verloor het en genesing vir hulle, ook in Iran, wat beseer en getraumatiseer is as gevolg van onlangse betogings en geweld.




## DANKIE VIR:

1. Soveel gemeentelede wat gehelp het by die reël van, skenk van bydraes,voorbereiding van en hulp by ons basaar.
2. Ons Kerkraad wat betrokke is by gemeentesake en wat diens lewer in hulle wyke.
3. Rus wat voorlê vir onderwysers en leerders en andere.
4. Die voorreg vir baie van ons om nou te gaan kuier by familie of familie te kan ontvang.

## NAGMAAL - NOODSPENS

Ons neem op 'n Nagmaalsondag nie-bederfbare kruideniersware, toiletware en/of skoonmaakmiddels kerk toe vir ons NOODSPENS. Bring net wat jy kan. Daar is mandjies in die kerk se portaal.

## Môre almal

Ons benodig asb poedings en vla vir 28 Maart se basaar. Kontak asb vir Carine 0732653106 of Elise 0828217585

## Doen & Deel

## HERFSBASAAR - 28 MAART

Hou asseblief die NETWERK dop om te hoor waar hulp nodig is vir die voorbereiding van ons basaar.
Kontak Erna by die Kerkkantoor as jy wil deel word van ons kerk se netwerkgroep of as jy die Bulletin op Die Boodskapper-WhatsAppgroep wil ontvang ( Di-Do. 08h00 tot 12h00 @ 0284356789)

## GEBAKTAFEL

Skenk asseblief produkte vir die gebaktafel: grootkoeke, soet - en soutterte, beskuit, Hertzoggies, kolwyntjies, want wat is 'n Kerkbasaar tog sonder heerlike tuisgebak? Kontak: Madie Haynes@ 082 293 2336
Produkte vir die witolifant- boeke- & kleretafel kan by die Kerkkantoor by Erna afgegee word op Dinsdag, Woensdag of Donderdag van 08h00 tot 12h00.

